# Direkte en Indirekte Rede

## Aktiwiteit

**Skryf die volgende sinne oor in die indirekte rede:**

1. Dirk vra: "Kan jy Saterdag vir ons kook?"

_______________________________________________

2. Maria sê : "Die nasionale vis is die Galjoen."

_______________________________________________

3. Andile vra: "Wanneer gaan julle by my kuier?"

_______________________________________________

4. Die juffrou  sê: "Julle moet asseblief die voorbeeld van die landsvlag in julle boeke plak."

_______________________________________________

5. Die president vra: "Ken almal in die skool die nasionale lied?'

_______________________________________________

6. Siyabonga  het gevra: "Is die landsvlag die mooiste een in die wêreld?"

_______________________________________________

7. Die dogtertjie het trots gesê: "Ek het gister 'n baie groot vis gevang."

_______________________________________________

8. Hannes vra aan sy neef: "Hoe gaan dit deesdae met julle?"

_______________________________________________

9. Juffrou beveel: "Doen dadelik jou huiswerk!"

_______________________________________________

10. Die kinders sê: "Ons wil asseblief môre ekstra klas hê."

_______________________________________________



LIVEWORKSHEETS

**Skryf die volgende sinne oor in die direkte rede:**

1. John vra of hulle sy selfoon wil sien.

2. Julian sê met teleurstelling dat hy sy selfoon verloor het.

3. Sipho sê dat hy die vorige dag geleer het vir sy toets.

4. Juffrou beveel hom om sy werksboek in te gee.

5. Courtney vra wanneer die skool sluit.

6. Susanna vra vir Anna hoe laat sy haar moet bel.

7. Alexis het gesê dat sy die vorige jaar 'n nuwe selfoon gekry het.

8. Moira vra hoeveel kolwyntjies sy moet bak.

9. Kyle sê dat hy die volgende dag dokter toe gaan.

10. David vra of hulle al hulle klere gepak het.



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS